
# CPT-LHR-EDI en CPT-EZE Elektroniese reistips



STEFAN WEHMEYER
**Assistentdirekteur: Steundienste**

Het die groei van intydse elektroniese bronne die afgelope paar jaar dit makliker gemaak om internasionaal te reis?

Ja, definitief sou ek sê…maar 'n mens kan nie alles deur die Internet doen nie. Mens kan seker as jy wil, maar in my geval het 'n mengsel van elektroniese bronne, gedrukte bronne en lewendige mense my van a tot z en terug gehelp.

## Vliegtuigkaartjies

Hoeveel kos dit? My eerste bron was natuurlik die weeklikse Saterdag uitgawe van die **Cape Argus**. Hier kan jy met 'n oogopslag sien wat die verskillende reisagentskappe aanbied. Onthou net om die fyn skrif ook te lees, die pryse wat vermeld word moet nog gewoonlik lughawebelasting bykry en baie keer is daar ook beperkings op die tye wanneer jy kan vlieg.

Baie reisagentskappe het webtuistes, soos *flightcentre.co.za* en *clubtravel.co.za*. Op laasgenoemde se webtuiste kan jy self jou vlugroetes intik en dan kry jy 'n lys van die 'goedkoopste' vlugte. Hulle het ook 'n maandelikse elektroniese nuusbrief waarop 'n mens kan inteken. Die meeste reisagentskap webtuistes maak ook voorsiening dat jy 'n kwotasie deur e-pos kan aanvra. Kyk net uit vir die 'contact us' skakel.

Ek vind dit egter nog beter om met 'n 'lewendige' persoon te praat, so bel eerder daai tolvry nommer en praat met 'n lewendige reisagent. Interessant genoeg, net soos die biblioteekberoep, is die oorweldigende meerderheid van agente vroue… En nooit het ek lank gewag vir 'n kwotasie nie en waar dit lank sou neem, het die agent belowe om 'n e-pos te stuur.

Ek moes 'n kaartjie koop London toe en vandaar na Edinburgh. Ek het eers besluit om self die LHR-EDI intyds te bespreek deur *Ryanair.com* en *valuejet.co.uk*, want iewers het ek gehoor dat hulle so goedkoop is… En sjoe! Is hulle goedkoop! Vir net 25 ponde kon jy heen en weer vlieg… Maar die twee rederye vlieg nie vanaf LHR nie! En ek sou nog eers by Gatwick moes uitkom vir 'n aansluitingsvlug! So weer terug na die reisagent. Die maatskappy wat hulle daarop roem dat hulle die vliegkuns volmaak het, het ook goedkoop direkte vlugte van LHR na EDI gehad.

## Inligting oor jou bestemming

Bo en behalwe my reis na Edinburgh is ek 'n maand later ook na Argentinië en Uruguay. Ek ken al letterlik die internasionale vertreksaal van Kaapstad Internasionaal soos die palm van my hand!

Reisgidse is seker van die mees populêre boeke in 'n biblioteek en die Biblioteekdiens koop 'n wye verskeidenheid aan. Maar ek moes letterlik toustaan om boeke oor Suid-Amerika in die hande te kry. Hier by ons Sentrale Naslaanversameling was almal uit op spesiale aanvraag en die een boek wat ek uiteindelik te lese gekry het, het 'n waglys gehad. Kon darem gou 'n paar fotostate maak.

Soos te verwagte is, is die Internet 'n goudmyn van inligting oor toerisme. Die meeste reisgidse het webwerwe soos *lonely planet.com*, *fodors.com*, ensovoorts. Dan sommer net deur kansvattery kry jy 'n webtuiste soos *travelguide.com*. Nogal heel oulike kort brokkies van inligting hierin! 'n Eenvoudige soektog met die terme 'scotland tourism' of 'argentina tourism' behoort 'n verskeidenheid van webbronne op te lewer. Maar wees versigtig! Offisiële bronne sal gewoonlik net die blink kant bo hou. En kyk nou net na die ou sinnetjie op die amptelike website van Uruguay Toerisme *www.turismo.gub.uy/conozca/ingles/index.htm*: 'Punta del Este is a delicious dish, even for the most demanding palate.' En 'n mens is ook nie lus vir Time Travel nie… Kyk mooi na die datum wanneer die webwerf bygewerk is…enige webwerf wat sê dat een Argentynse peso gelyk is aan een Amerikaanse dollar lieg! Dis deesdae net 'n derde werd van die dollar en dis die rede waarom Suid-Afrikaners die vliegtuie vol pak na Buenos Aires. En maak maar jou oë toe in die voorportaal van menige hotel in Buenos Aires en jy hoor net Afrikaans! Jy kon net sowel in die Holiday Inn in Bellville gewees het.

Bo en behalwe lekker travel tips wat ek by lewendige mense gekry het (ja jy, Grizéll oor Argentinië en Dalena oor Skotland), was *www.virtualtourist.com* 'n heerlike webtuiste wat ek ontdek het. Dis 'n soort van interaktiewe webtuiste waarop wêreldreisigers hulle indrukke laat. Die leuse van die webtuiste lui as volg: 'Real travellers - real people.' Met menige inligting oor besienswaardighede, restaurante, hotelle, naglewe, tourist traps, waarskuwings/gevare, vervoer, inkopies en straatkaarte, het ek na hartelus uit die webtuiste ge'copy' en ge'paste' na 'n woord dokument. O ja, mens wil natuurlik al jou Internet inligting bymekaar bring. Maak net 'n woord dokument oop en trek af en gooi neer soos jy lus is. Onthou net om die dokument uit te druk en saam te vat voordat jy lughawe toe ry!

Nog 'n manier om inligting oor 'n land te kry, is om vooraf vriende te maak met plaaslike inwoners. Hier kan die velerlei geselskamers van nut wees. Of nog beter, soek op 'n soekengine onder penpals en die naam van die land. Ek kan ook seker nie al my geheime uitlap nie!!!

## Geldjies

Wat is die wisselkoers? Ek het kort-kort op *news24.co.za* gaan loer om te sien hoe die Rand vaar en elke keer terwyl die Kaapse vrugteboere gepanic het as die Rand nog sterker geword het, het ek gesmile…en het ek weer gepanic elke keer as die Reserwe Bank 'n rentekoersverlaging sou aankondig…want dit het beteken dat die Rand weer sou verswak… Dis nogal handig om 'n betroubare wisselkoers (currency converter) webtuiste te raadpleeg. 'n Goeie een is *www.xe.com/ucc/*. Die meeste handelsbanke adverteer hulle geld omruilkoerse op die Internet. Tik net enige bank se naam en ook die agtervoegsel *.co.za* en kyk self. Die reisagentskap/bank Rennies het ook 'n heel handige webtuiste. So, voor jy geld ruil, kliek eers vinnig op daai verskillende webtuistes om die beste waarde vir jou swaar verdiende Suid-Afrikaanse note te kry.

## Op reis

E-pos, e-pos en nogmaals e-pos. Onthou as jou werk e-pos of ander e-pos adres nie 'n web gebaseerde weergawe het nie, dat jy tog 'n gratis e-pos adres kry. Gelukkig het ek darem 'n mweb adres en 'n werkadres wat ek orals oor die wêreld kan gebruik. Die grote Heathrow lughawe het nie 'n Internetkafee in sig gehad nie (net sulke muntoutomaat masjiene wat ek bang was my geld sou sluk) en ek was maar lateraan baie verveeld, want wie wou nou sy ponde vermors op die duur belastingvrye winkels? Hier moes ek my maar wend na een van die tientalle daaglikse koerante om die tyd om te kry. In Skotland is Internetkafees nie baie volop nie, het darem een op Edinburghstasie gesien. Maar ek kon gelukkig my broer se Internetkonneksie gebruik. Dit is wonderlik om te dink dat daar alreeds e-pos vir my gewag het toe ek in die half bewolkte, maar pragtige Skotland aangekom het…

*Subject: 5/10 19h54*

*Hi*

*Julle is nou net hier oor!! Nou gaan julle seker lekker eet. Ek kry skoon koue rillings!*

*Groete - Manie*

En in plaas van poskaarte koop soos in die ou dae en nog gaan sukkel met seëls en poskantore kan jy baie gou 'n e-possie stuur:

*Hi Janine*

*Nee ek het nog nie 'n kilt aangeskaf nie… Skotse grappie: What do you wear underneath your kilt? Answer: Nothing worn, it is all in good working order…*

*Het vandag op 'n walkabout gegaan in Edinburgh, net rondgeloop, nêrens ingegaan nie. Die ou stad met sy nou straatjies en vrek ou geboue is fassinerend. Ek wil my net gedurig indink hoe dit moes gewees het 500 jaar gelede… Het ook nog niks souvenirs gekoop nie…ek weet die soewenierwinkeltjies so langs die Royal Mile is maar duur…*

*Hier waar my broer bly is 'n redelik nuwe ontwikkeling…al die huise lyk soos die tipiese Britse townhouses, almal is dubbelverdieping, met oop grasperke voor en 'n backyard. Mense hier is mal oor tuinmaak en alhoewel dit al amper al winter is, is die tuine nog vol somer blommetjies (ek dink die mense vervang hulle beddings met blomme seker elke 2de maand). Agter my broer se huis is ook 'n woud met regte braambosse…*

*Haai wag, ek praat te veel, môre wil ek weer teruggaan Edinburgh toe. (Het nogal vandag verniet trein gery)…die conductors hier is maar lui om kaartjies te verkoop…oor die algemeen is die mense maar baie laid back!*

*Stefan*

Argentinië was 'n ander storie… Hier was die Internetkafees soos hare op 'n hond se rug! En goedkoop! R2.50 vir 'n uur se gebruik. Ek het maar gedurig elke dag na die nuus gaan loer op *news24* en na hartelus e-pos ontvang en gestuur. Onthou die Spaanse sleutelborde lyk heelwat anders as ons s'n. Die liewe @ teken was weggesteek tussen 'n ctrl + code command en ek het maar voortdurend ge'copy' en ge'paste' (copiar en pegar) om die teken te kry.

In Uruguay het die hotel self darem 'n Internet konneksie gehad, maar om een of ander obskure rede kon ek nie tot my werk se e-pos toegang kry nie. Uruguay se rekenaargebruik is taamlik laag en bo en behalwe by die hotel, het ek nie juis Internetkafees gesien nie…

Selfone. O ja…ook 'n baie nuttige kommunikasiemiddel as jy oorsee is. Ek het my selfoontjie saamgevat. International Roaming was te duur en ek het toe in Skotland vir my vir 10 pond 'n O2 simkaart gekoop. Dit was nogal heel nuttig, veral toe ek een oggend in Edinburgh na 'n sekere plek gesoek het. 'n Skotse penpal…as ek hom toe in die hande moes kry, het ek hom met sy doedelsakkie en al verwurg!..het vir my totaal en al verkeerde aanduidings gegee. En die Britse telefoniese navraagdiens was nie juis goed nie en kon my nie help nie. Gelukkig het 'n ander Skotse penpal vir my toe met sms'e (die Britte praat van text en mobile phones…dit maak nogal sin, né) na die korrekte bestemming gelei. Maar wees gewaarsku met selfone…myne het onwetend klam geraak onder my reënbaadjie…het nogal gesweet van al die stap en twee maande later was dit so geroes dat ek 'n nuwe een moes koop!

En vir die mense wat remainhere (spreek uit soos roemania) toe gaan: Om dubbel seker te maak dat die geliefde op reis se vliegtuigie nog in die lug is en om te weet hoe laat die vliegtuigie aankom…elke lugredery maak voorsiening op hulle webtuiste dat 'n mens intyds kan loer hoe laat 'n vlug gaan arriveer.

Ek beplan alweer 'n oorsese reis en hou al klaar die wisselkoers dop! Ek wens net daar was 'n webtuiste met die naam van kristalbaldotkom!